

# Die Brood van die Lewe

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B475a

Skriflesing uit Joh.6:22 - 59

Kernvers: 54 – ‘Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.’

Geliefdes, so teen die einde van ‘n jaar dink ‘n mens terug aan al die geseënde Sondae van saamkuier, saam eet en saamwees in die Here; en hoe vinnig die jaar verby is.

So het ek dan ook gedink aan hierdie Skrif in Johannes 6 – van die Brood van die Lewe en waar Jesus gesê het: Ek is die Brood van die Lewe en waar iemand van hierdie Brood eet sal hy vir ewig lewe.

Ons lewens is so kort en ons hoor dikwels mekaar sê: Kyk hoe vining is hierdie jaar alweer verby. Elke jaar word ons ook ouer en as jy terugkyk na gister en eergister voel dit soos ‘n oogwink. Maar Jesus sê: As iemand hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.

Ons lewe in ‘n land met oop kerke oral en ons het volop Bybels - maar hoeveel van hierdie Woord neem ons in, en hoeveel daarvan verstaan ons? Ons gaan gereeld kerk toe en sommiges hou nog huisgodsdienste, maar het dit die betekenis vir ons wat dit behoort te hê?

In hierdie kortstondigheid van ons lewens is die ewigheid wat vir ons wag – ‘n nuwe orde en ‘n lieflike Koning wat aan die kom is en Sy Naam is Jesus; en as ons van hierdie Brood eet sal ons vir ewig saam met Hom lewe!

Dit is ons Christelike geloof en wanneer ons saam met Hom in Sy Koninkryk is, sal dit die ewigheid neem om van al Sy wonderdade te hoor en dat Hy dit aan ons sal openbaar. Volgens Lukas se weergawe van Sy Koms – toe die dissipels vir Jesus vra: Wanneer sal U weer kom? Toe noem Hy oorloë en gerugte van oorloë, aardbewings, pessiëktes, nasies wat teen mekaar opstaan, ‘n tyd van geweld ens.

Het ons dit nie alreeds om ons nie? Jesus sê: Wanneer julle hierdie dinge sien, moet julle jul hoofde ophef want julle verlossing is naby. Wat beteken daardie verlossing? Eerstens ‘n verlossing van ons sonde en van hierdie hele sisteem: alles daarbuite is verkeerd, selfs die natuur is verkeerd. Alles agv. ons sonde en ongehoorsaamheid. En omdat ons Hom nie op Sy Woord neem nie...